# 32. SAALOPENING: Verantwoordelikheid 1

Geskryf deur  Annalize Willemse

**Ysbreker:**

Skryf ‘n klomp verantwoordelikhede op papiertjies neer en gooi dit in ‘n sakkie of ‘n boksie. Kry ‘n paar vrywilligers wat kan lees om jou te help.

Speel lekker muskiek, en soos die musiek ophou moet die een wat die boksie of sakkie vashou een van die papiertjies uithaal en dit hardop lees.

**Vrae na die ysbreker:**

1. Wie van julle weet wat ons die goed noem wat julle gelees het? (verantwoordelikhede)
2. Wie hou daarvan?
3. Hoekom moet ons dit doen?

## Die storie van die pêrel

Wie van julle weet wat ‘n pêrel is? Wie het al ‘n pêrel gesien? ‘n Pêrel is ‘n pragtige ronde balletjie wat BAIE duur is, en wat in die maak van juwele soos mamma se pêrel halsnoer gebruik word. Kom ons kyk waar dit vandaan kom, en hoe dit ‘n pêrel raak.

**Video clip**: https://youtu.be/T18E58vOTus

Verduidelik die video clip vir die kinders wat dit nie verstaan het nie:

‘n Mens kry ‘n pêrel binne-in ‘n oester-skulp. Die pêrel is nie van die begin af daar nie, maar vat baie lank voordat dit ‘n pêrel is. Soos die oester eet, beland daar goed soos stukkies sand binne-in die oester wat dit irriteer en seermaak. Om dit vir die oester beter te maak sit die oester lagies goed oor dit sodat dit die oester nie moet seermaak nie. Hierdie goed raak later hard, en na ‘n lang ruk raak dit ‘n mooi pêrel wat baie duur is.

## Toepassing:

Party goed wat ons moet doen soos huiswerk, tande borsel, vroeg op staan vir skool, goed op pas, ons bed opmaak, ons klere in die wasgoedmandjie gooi ens. is nie altyd lekker nie, dis 'n irritasie, maar deel van ons verantwoordelikheid.

As ons soos die oester begin raak en dit gebruik om die lewe vir onsself beter te maak, gaan hierdie verantwoordelikhede van ons beter mense maak. Wanneer jy hierdie goed – verantwoordlikhede – gereeld doen, raak dit ‘n gewoonte en maak dit van ons beter mense.

Die groot geheim is nie dat ons dit doen nie, maar HOE ons dit doen – ons houding – terwyl ons dit doen.

## Sluit af met gebed

## Verantwoordelikhede:

- Maak jou bed op
- Sit jou bord in die wasbak
- Borsel jou tande
- Doen jou huiswerk
- Pak jou tas
- Gaan skool toe
- Gooi jou vuil klere in die wasgoedmandjie
- Gee vir die honde kos
- Was die skottelgoed
- Dra jou masker
- Was jou hande gereeld
- Hou jou afstand tussen jou maats